STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

**NOTULE**

**BLUE RIDGE HEV (101)**

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 4 AUGUSTUS 2021 OM 09H00 PER ZOOM**

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Konstituering** | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | |
| **2** | **Opening** | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | **GG** |
| **3** | **Verwelkoming** | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | **GG** |
| **4** | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | |
| | Teenwoordig:<br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Me A Kruger<br>Mnr P Myburgh<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev R Moore (Status Mark)<br><br>**Verskoning:**<br>Geen | <br>**GG**<br>**AK**<br>**PM**<br>**LN**<br>**LS**<br>**RvH**<br><br>**SM** |
| **5** | **Mnr Huig Wijtman (Danabaai bewarea) – beskerming van wild & natuur** | |
| | Die Voorsitter sal Mnr Wijtman uitnooi om die Komitee toe te spreek sodra die grendeltydperk verstreke is en die vergadering fisies bygewoon kan word. | **STAAN OOR** |
| **6** | **Mosies van lief en leed** | |
| | Geen items nie. | |
| **7** | **Goedkeuring van vorige notule: 14 Julie 2021** | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. | **KOMITEE** |
| **8** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | |



Willem & Antoinette Prinsloo
'We put the PRO in PROperty Management'

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **8.1** | **Brandtoerusting** | |
| | | A Kruger bevestig dat die munisipaliteit nie belangstel om die brandtoerusting oor te koop nie. Speedies het ook bevestig dat hulle nie die toerusting by Blue Ridge gaan terugkoop nie weens die feit dat dit spesifiek vir Blue Ridge gemaak is.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. R van Huyssteen sal met Speedies kontak maak om uit te vind of hulle bereid sal wees om van die toerusting terug te koop teen 50% van die aankoopprys.<br>2. Indien bogenoemde nie suksesvol is nie sal die toerusting geadverteer word om te verkoop. | **RvH**<br><br>**RvH/PM** |
| | **8.2** | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.3** | **Kantoorgebou - teëls wat oplig – alternatiewe opsies** | |
| | | Die aangeleentheid is nie nou 'n dringende prioriteit nie. Die item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.4** | **Hersien van Grondwet – terugvoering van eienaars** | |
| | | Die sluitingstyd vir eienaars om insette te lewer verstryk op 13 Augustus 2021.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Die Grondwet sal nadat dit deur al die prosesse gegaan het om goedgekeur te word in Afrikaans vertaal word asook alle dokumente wat uit die Grondwet sal voortvloei.<br>2. R van Huyssteen sal in die interim kwotasies inwin om die Grondwet deur 'n regskundige te laat hersien. | **KOMITEE**<br><br>**RvH** |
| | **8.5** | **Werfhekke – herwinbare plastiek** | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.6** | **Omgewingsbestuursplan** | |
| | | Mnr A van Huyssteen het 'n omvattende plan opgestel wat aan die Komitee gesirkuleer sal word vir insette. Die Komitee bedank Mnr van Huyssteen vir sy hulp en tyd hiermee. | **RvH/GG** |
| | **8.7** | **Koöptering van Komitee Lid** | |
| | | Mnr D Cillie is genader maar het dit van die hand gewys. Mnr E Senekal wat net soveel stemme as Mnr D Cillie op die AJV gekry het is nie permanent woonagtig in Blue Ridge nie en daarom is besluit om eerder Mnr W van der Merwe te nader. Mnr van der Merwe bevestig dat hy bereid sal wees om te dien op die Komitee sodra sy huis voltooi is en hy ingetrek het. Die Komitee koöpteer dus vir Mnr van der Merwe sodra hy kan dien op die komitee. | **KOMITEE** |
| | **8.8** | **Bouregulasies** | |
| | | R van Huyssteen rig 'n versoek aan Status Mark om die | **SM** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | bouregulasies in "word" formaat aan te stuur sodat die Komitee die nodige wysigings daarop kan aanbring. | |
| | | | |
| 9 | **Versekering** | | |
| | | | |
| | **<u>Gemeenskaplike eiendom</u>**<br>Onderskrywer – Hollard<br>Makelaar – Insure<br>Versekerede bedrag – R1 747 698.00<br>Gemeenregtelike aanspreeklikheid – R1 000 000<br>Sambreel aanspreeklikheid – R20 000 000<br>Maandelikse premie – R793.82<br><br>**<u>Getrouheidsdekking</u>**<br>Onderskrywer – CIA<br>Makelaar – Insure<br>Versekerde bedrag – R751 000.00<br>Maandelikse premie – R216.48<br><br>Status Mark word versoek om uitklaring by die makelaar te kry oor die gemeenregtelike en sambreel dekking asook seker te maak dat die dekking vir die hek nie gedupliseer is nie. | | **SM** |
| | | | |
| 10 | **Finansies** | | |
| | | | |
| | **10.1** | **Bestuurstate – Julie 2021** | |
| | | | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat die R120 000 wat voorsiening maak vir 'n Terrein Bestuurder aangewend moet word vir enige onvoorsiene uitgawes wat mag voortspruit.<br>2. Dat 'n onvoorsiene uitgawe lyn item geskep word en die voorsiening van R120 000 hierheen ge-herallokeer word.<br>3. Status Mark word versoek om weer met die munisipaliteit op te volg oor die regstelling van water op hul stelsel. | **KOMITEE**<br><br><br>**SM**<br><br>**SM** |
| | | | |
| | **10.2** | **Bank balanse** | |
| | | | |
| | | Die bank balanse soos op 2 Augustus 2021 as volg:<br><br>Tjek rekening – R29 816.05<br>Reserwe fonds – R796 801.78<br>Kleinkas – R6707.95<br>MINUS:<br>Voorui tontvangde heffings R77 675 .18<br>Bou deposito – R95 238.10<br>TOTAAL = R755 650.60<br><br>Die Voorsitter versoek dat 'n tabel opgestel word wat bogenoemde inligting aandui asook projekte wat gedoen moet word om 'n meer ware totale balans van fondse te kan kry. | **SM/RvH** |
| | | | |
| | **10.3** | **Uitstaande heffings** | |
| | | | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R12 107.81 Daar is 7 eienaars tans uitstaande waarvan 3 eienaars aan Herbie Oosthuizen prokureur oorhandig is vir invordering. Status Mark volg | **SM** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | voortdurend op met die betrokke eienaars. | |
| | 10.4 | **Webtuiste - kwotasie** | |
| | | 'n Kwotasie is ontvang van Omnivision om die webtuiste van Blue Ridge te bestuur. Die koste beloop R3500 om die webtuiste te ontwerp en 'n maandelikse koste van R350 vir oplaai van dokumente en veranderinge wat gedoen moet word.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. L Stevens sal Omnivision en Wanzenburg kontak om die aangeleentheid te bespreek. | LS |
| | 10.5 | **Finansiële beleidsdokument** | |
| | | In die proses om opgetrek te word. | RvH |
| 11 | **Argitektonies** | | |
| | 11.1 | **Toemaak van watertenks - bestuursgebou** | |
| | | Watertenks is toegemaak en vertoon baie netjies. Die Komitee bedank A Kruger en L Neveling vir die werk wat gedoen is. Die item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | 11.2 | **Bouafval en grond geberg op erf 18 en 19** | |
| | | Die Komitee het goedkeurinig aan Mnr A Lombard gegee om die grond op erf 19 te kan plaas. Mnr Lombard is egter aangespreek nadat hy nie die ooreekoms met die Komitee nagekom het nie. Mnr Lombard het onderneem om die grond op een hoop te stoot en netjies toe te maak met net maar dit is ook nie gedoen nie.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Status Mark word versoek om 'n skrywe aan Mnr Lombard te rig om toe te sien dat die grond spoedig netjies toegemaak moet word met 'n net.<br>2. Die Komitee gaan nie weer so 'n versoek toestaan nie. | SM<br><br>KOMITEE |
| 12 | **Sekuriteit** | | |
| | 12.1 | **CCTV Kamera sisteem** | |
| | | R van Huyssteen bevestig dat die elektrisiën, Mnr Piet van Greunen, reeds die meterkas bestel het wat ongeveer 3 weke neem vir aflewering. Nadat installasie van die kas gedoen is sal die munisipaliteit inspeksie doen. DBS sal op die laatste 7 September 2021 op terrein wees om die CCTV kamerasisteem te installeer. DBS sal ook die optiese vesel konneksie vir Blue Ridge hanteer. | |
| | 12.2 | **Internet toegang vir sekuriteit en "wifi" vir kantoorgebou** | |
| | | L Stevens bevestig dat Cybersouth genader is om die fasiliteit by Blue Ridge te verskaf. Die koste beloop R737.00 per maand. Terugvoering op die vordering hiervan sal by die volgende vergadring gegee word. | LS |
| 13 | **Infrastruktuur** | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **14** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | | | |
| | Geen items vir bespreking nie | | |
| | | | |
| **15** | **Personeel** | | |
| | | | |
| | A Kruger sal die Komitee in kennis stel sodra die werker sy permanente burgerskap gekry het. | | **AK** |
| | | | |
| **16** | **Algemeen** | | |
| | | | |
| | **16.1** | **Bouers – nakoming van reëls** | |
| | | | |
| | | Die bouer, James Scorgie, moet aangespreek word omdat hy nie die reëls nakom deur die bouperseel toe te maak nie. Die Estetiese Komitee sal 'n skrywe opstel in die verband wat Status Mark aan Mnr Scorgie sal stuur. | **AK/LN** |
| | | | |
| | **16.2** | **Gedragskode vir Komitee** | |
| | | | |
| | | Die Voorsitter het 'n gedragskode vir die Komitee saamgestel wat na alle Komitee lede gesirkuleer sal word vir ondertekening. | **GG** |
| | | | |
| **17** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | | | |
| | Woensdag 1 September 2021 om 9h00 | | |
| | | | |
| **18** | **Afsluiting** | | |
| | | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 10h25 af.<br><br>........................................ (signature)     9/9/2021<br>Goedgekeur     Datum | | |


**Trustees (7):**

| | | |
|---|---|---|
| Amanda Kruger | 076 143 7564 | amandagroenpunt@gmail.com |
| Gerrie Germishuizen | 083 413 5440 | germishg@gmail.com |
| Leon Nevelling | 072 636 8222 | leonnevelling3@gmail.com |
| Pieter Myburgh | 073 195 2521 | pwmyburgh@gmail.com |
| Louise Stevens | 083 294 1561 | louise6071@gmail.com |
| Reinet van Huyssteen | 081 347 8126 | reinetvh@telkomsa.net |


Datum uitgestuur: 5/8/2021